# Sondag 27 Maart 2022

## Lewe vorentoe, verstaan agtertoe.

Goeiemôre en hartlik welkom. Dit is soos gewoonlik vir my heerlik om hier by julle te kuier.

Ek hoor verlede week die verskriklike storie van die 19 jarige Zoë van Seaview wat op die punt gekom het dat depressie (die siekte) haar lewe geneem het. Na haar dood die Vrydagoggend kom die familie by die huis bymekaar om saam tee te drink nadat hul die baie slegte nuus ontvang het. En terwyl die familie sit en tee drink en mekaar troos en oorval word van die hartseer, sien mens vanaf die huis in Seaview die dolfyne wat besig is om te swem in die see. So die plesier tussendeur die pyn. En ek dink die lewe bestaan uit albei, die vraag is maar net, sien ons nog die dolfyne (die mooi) raak?

Hoe jy na iets kyk is baie belangrik. Ek lees hierdie week 'n gedig:

Today was the absolute worst day ever
And don't try to convince me that
There's something good in every day
Because, when you take a closer look,
This world is a pretty evil place.
Even if
Some goodness does shine through once in a while
Satisfaction and happiness don't last.
And it's not true that
It's all in the mind and heart
Because
True happiness can be attained
Only if one's surroundings are good
It's not true that good exists
I'm sure you can agree that
The reality
Creates
My attitude
It's all beyond my control
And you'll never in a million years hear me say
Today was a very good day

Al wat jy moet doen- is om die gedig net weer eenmaal te lees. Om die gedig te lees van onder na bo, nie bo na onder nie. Ons as gelowiges weet mos die waarde van onder begin. Van op ons knieë wees, van die minste wees. Dit gaan oor hoe jy kyk na die gedig- hoe jy kyk na die wêreld.

Ons kan dit egter net doen, deur die genade van God se teenwoordigheid in en deur ons lewens

Die uitdaging is om God se teenwoordigheid te sien.... Want ons kyk dit so maklik mis... Die uitdaging is om ingesteld te leef sodat ons weet "hier is God nou besig". Die uitdaging is om te weet wat vanuit onsself en wat vanaf die Here kom...

Gebed: Dankie Here, dat ek deur U teenwoordigheid vergifnis ontvang het. Dat u vir ons, net soos ons is, steeds lief het en 'n nuwe kans gun. Dat ons weet U is die een wat vir ons help sin skep in die lewe. Om beter sê, verstaan, om beter se sien, om beter te hoor.

Ons lees vanoggend vanuit Joshua 5. Ek is 'n groot aanhanger van die leesrooster, want dit het my uitgenooi om die week moeite te maak met die boek Joshua. Hierdie 6de boek in die Bybel is eintlik een waaroor ek al bitter min gepreek het en een wat ek nie gereeld lees nie. Ek wil jou vanoggend innooi na 'n kyk na die wêreld agter die teks (konteks), wêreld in die teks (die teks self) en die wêreld voor die teks (wat ons daarmee maak).

Die boek is sekerlik bekend, nie vir hoofstuk 5 nie, maar liewer vir wat in Hoofstuk 6 staan- is daar iemand wat weet watter verhaal ons in Joshua 6 lees? Ja, die bekende verhaal van die mure van Jerigo.

Ek wil dalk net so paar goed noem oor die boek, voordat ons hoofstuk 5 lees:

Die naam Joshua beteken God red. Of God voorsien oorwinning.

Joshua word in die boek voorgestel as 'n tweede Moses.

1. Joshua stuur in hoofstuk 2 spioene in die beloofde land in, net soos Moses.
2. Net soos die waters vir Moses oopgegaan het, so droog die Jordaanrivier op vir Joshua (Hoofstuk 3).
3. Mense bewonder vir Joshua soos vir Moses.
4. Soos Moses, trek Joshua ook sy skoene uit want hy betree heilige Grond.

Die boek Josua bestaan uit drie dele:

- 1-12 die verowering;
- 13-21 die verdeling;
- 22-24 die afsluiting.

Die verowerings verhaal word in drie dele weergegee, naamlik:

- 1-2 Voorbereidings om land binne te gaan;
- 3-5 die deurtog deur die Jordaan;
- 6-12 die verowering van die verskillende stede en streke.

Hoofstuk 5 vorm die skakel tussen die berig oor die deurtog deur die Jordaan, wat gelykgestel word met die deurtog deur die Rooisee en die berig oor die verowering van Jerigo.

Alhoewel die kalender aandui dat ons slegs vers 9-12 lees, voel ek dat dit gepas sal wees dat ons die hele hoofstuk 5 vanaf vers 2 lees.

2. In die tyd het die Here vir Josua gesê: "Maak vir jou klipmesse en besny die Israeliete. Daar moet weer 'n besnydenis wees."

3. Josua het toe vir hom klipmesse gemaak en hy het die Israeliete besny. Die plek is genoem die Heuwel van die Besnydenis.

4. Die rede waarom Josua die besnydenis moes uitvoer, is die volgende: die hele volk wat uit Egipte getrek het, die mans, al die weerbare manne, is op pad in die woestyn dood met die uittog uit Egipte;

5. al die mense wat destyds getrek het, was besny, maar die mense wat in die woestyn onderweg gebore is tydens die uittog uit Egipte, was nie een besny nie;

6. die Israeliete het veertig jaar lank in die woestyn rondgetrek, totdat die hele nasie uitgesterf het, dit wil sê die weerbare manne wat uit Egipte getrek het en ongehoorsaam was aan die opdrag

van die Here. Hy het destyds 'n eed afgelê dat hulle nie die land sou sien wat Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee nie, 'n land wat oorloop van melk en heuning;
7. Hy het daardie mense se kinders in hulle plek gestel en vir hulle het Josua besny, want hulle was nog nie besny nie, hulle is nie langs die pad besny nie.
8. Nadat die hele nasie klaar besny is, het hulle eers in die kamp gebly tot hulle gesond was.

9. Die Here het vir Josua gesê: "Vandag het Ek julle bevry van die smaad wat van Egipte se tyd af op julle rus." Josua het die plek toe Gilgal {Die naam Gilgal hou verband met die Hebreeuse woord wat hier vertaal is met "het Ek bevry"} genoem. Dit is vandag nog die naam.

*Die paasfees*

10. Terwyl die Israeliete nog in Gilgal in die kamp was, het hulle die paasfees daar in die Jerigovlakte gevier, op die veertiende van die maand, in die aand.
11. Die oggend na paasfees, presies op die dag, het hulle ongesuurde brood en gebraaide koring, van die opbrengs van die land, geëet.
12. Daardie oggend toe hulle van die opbrengs van die land eet, het die manna weggebly; daar was nie weer manna vir die Israeliete nie: hulle het daardie jaar van die land Kanaän se eie oes geëet.

*Die Leëraanvoerder van die Here*

13. Josua was naby Jerigo. Toe hy sien, staan daar 'n man voor hom met 'n ontblote swaard in die hand. Josua het na hom toe gegaan en hom gevra: "Is u aan ons kant of aan ons vyande s'n?"
14. "Nee," sê die man, "ek is die aanvoerder van die leër van die Here. Daarom is ek hier." Josua het diep gebuig en vir die man gesê: "Wat wil u aan my, u dienaar, sê?"
15. Toe sê die leëraanvoerder van die Here vir Josua: "Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is 'n gewyde plek." Josua het dit gedoen.

My ma sê altyd dat indien ons huis afbrand- dan gryp sy eerste die albums. Dit is vir haar te kosbaar. Albums- foto's is kosbaar. Elke foto vertel 'n verhaal. Dit is 'n herinnering van 'n stadium in jou lewe toe jy op 'n sekere manier gedink het- en dinge op 'n sekere manier gesien het. Ek het dit weer beleef verlede naweek tydens 'n 60ste verjaarsdag partytjie waar daar 'n PowerPoint met foto's was. En gedurende die hele aand was ek bewus van hoe mense stop, en kyk na al die foto's. Maar daar kom oomblikke- baie later in jou lewe- wanneer jy terugblaai en wonder- Hoe kon ek so gelyk het? Hoe kon ek daardie aangetrek het.

Maar die vreemde ding- het ek hierdie week gedink- is dat daar klomp dele van die eerste 9 jaar is- wat nie in die album verskyn nie. Daar is nie 1 foto van waar ek in die hospitaal is- toe ek 'n paar weke na geboorte met erge asma gesukkel het nie. Daar is geen foto van die keer wat ek myself nerfaf op die plaas geval het nie. Daar is geen foto van die tantrum wat ek gegooi het elke keer as my ma my van die plaas af op 'n Maandagoggend wegvat en my in die koshuis sit nie. Daar is geen foto van hoe hartseer ek was toe ons Moorreesburg toe trek- en ek al my Heidelberg vriende moet agterlaat nie. Ek sien dit nie. Maar ek weet dit het gebeur. Ek deel dit nie met almal nie- maar dit het my gevorm. Ek groei en lewe elke dag saam met dit. As iemand van buite af na die album moet kyk- sal hul dink daar is net mooi/ goeie verhale in. Ons weet vandag die lewe lyk nie so nie.

En dan is daar natuurlik ook daardie leë bladsye in die album. Daardie bladsye wat jy sien en dink, wat op dees aarde sal nou voorlê…

Ons lees in die Bybel ook van verskeie sulke foto's/albums/ herinnerings. Eintlik sal mense Joshua as Album nr. 6 op die Bybel boekrak kan sien. Die een wat volg na Genesis, eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium.

In die teks sal julle raaklees dat daar ‘n duidelike oorgang is tussen vers 12 en 13. Tot en met vers 12 word daar terug gekyk. Amper soos om weer deur die Album te kyk. En hierdie album is nie net gevul met mooi sonskyn dae nie. Daar word terug gekyk met betrekking tot 2 baie bekende simbole:

Die besnydenis en die Paasfees.

Terugkyk 1: Die besnydenis (wat vir baie van ons dalk ‘n vreemde konsep dalk kan wees)

Vir 40 jaar lank in die woestyn is niemand van die volk besny nie. Dus in 40 jaar is daar baie mans gebore en het hulle uitgemis op die ritueel. Wanneer jy aan die Besnydenis dink en die simboliek van vandag, mag dit dalk jou help om dit te koppel aan wat ons met die doop doen. Dit is die visuele bevestiging dat jy deel is van God se familie.

Josua doen die besnydenis en daarmee word hy as die onbetwiste leier erken. Dit word voltrek op ’n heuwel naby Jerigo en kry ook daarvolgens sy naam. Hierdie besnydenis is ’n bevestiging van God se beloftes van ’n groot nageslag en vaderland. Met die besnydenis verklaar die Here dat die houvas wat Egipte op Israel gehad het, finaal verby is. Hy bevestig sy eienaarskap oor die volk.

Hier in die Oos-Kaap wat die inisiasie skole van tradisionele volk groepe volop is, kan ons die Besnydenis juis dalk beter verstaan op grond van daardie deelwoord, deel wees. Daardie bevestiging dat ek nie langs nie groep staan nie, maar deel is van die groep. Ek is permanent deel van God se familie.

Terugkyk 2: Die Paasfees

Die volk het die hoogtepunt van die wonder-deurtog deur die Jordaanrivier beleef, nou lê nog net Jerigo voor en daarna *Die Beloofde Land*! Maar almal weet dit gaan nie maklik wees nie. Hulle is moedeloos en Josua weet dis tyd dat hulle geheue verfris word. Niks werk beter daarvoor as die viering van die Pasga (Paasfees) nie.

Die oorgang word beklemtoon met die opmerking dat die manna toe opgehou het (v 12). Manna is natuurlik kos wat met die woestynlewe geassosieer word (Eks 16). Terselfdertyd word manna in die Pentateug verbind met Israel se murmurering en opstand teen die Here oor ’n tekort aan voedsel en water. “It symbolizes an anti-exodus” (Mitchell). Nou verdwyn die manna, en die volk ontvang ’n vrugbare land met alles wat hulle nodig het. Die bedoeling is duidelik: Die tyd van kla en murmureer is verby. Die gawe van die land vra dankbaarheid en gehoorsaamheid.

Die Paasfees, is iets wat vir ons dan meer bekend sal wees. Ons as geloofsgemeenskap vier dit oor ‘n paar naweke met Goeie Vrydag, stil Saterdag en dan opstanding Sondag (Paasnaweek). Die mooi simboliek van hierdie Paasfees geleentheid is dat die Here vir hulle voorsien

(Daar is tyd vir terugkyk. Tyd vir herinner, tyd vir onthou, tyd vir herdenk). Maar die gevaar is om net in daardie tyd te wil bly.... Gelukkig is daar in enige album ook die leë bladsye: Dit wat nog moet kom. Dit wat voorlê.

maar vanaf vers 13 word daar vorentoe gekyk.

In vers 13 vra Joshua vir die man met die swaard, is jy aan my kant of aan my vyande sin? Is jy vir ons of teen ons? En die leëraanvoerder antwoord hom dan, ek is aan die Here se kant... Dit wil voorkom asof die teks nie gaan oor die Israeliete vs die Kanaäniete nie, maar liewer dat hierdie God se geveg is. En Joshua en sy volk is maar net ondersteuners of soms toeskouers in hierdie geveg.

Die teks bevestig die verhouding wat die volk met hulself en hul land het...

Ons lees hier geskiedenis, maar geskiedenis geskryf met ‘n duidelike teologiese doel. Die agenda is dus heeltyd om vir my en jou te verduidelik wie God was en hoe God wil hê dat die volk in die land moet leef. Dit verduidelik ook die verhouding wat God wil hê ons met hom moet leef.

Ons lewe, soos die volk waarvan ons in Joshua lees, bestaan uit klomp verskillende seisoene. Seisoene waar ons allerhande goed langs die pad gewaar. En so is ons in die kerkjaar ook nou op pad na ’n belangrike (of dalk die belangrikste) moment. Jesus aan die kruis. Jesus in die graf. Jesus wat opgestaan het. En die gevaar is dat ons, so besig word met “waar is ek nou die langnaweek”, “hoekom is paas eiers so duur en waar gaan ek dit vir die kinders wegsteek”, moet ons nou op die langpad wees, ag hoe lekker hou ons nou mini Desember vakansie. Dit het ‘’n naweek van vêr reis geword, terwyl dit nog altyd bedoel was om ‘’n naweek van “na binne reis” te wees. Dat ons heeltemal vergeet dat die naweek is die middelpunt waar rondom ons hele geloof draai. Sonder die kruis, sonder die opstanding, is die hoeksteen, die stoel onder ons bestaan uitgetrek. Joshua 5 nooi ons om stil te word en mooi te dink. Om terug te beweeg en te onthou (deur Besnydenis/ dalk in ons taal die doop), of om te onthou deur die Paasmaaltyd (nagmaal).. Of te onthou dat wat ookal voorlê, wees gerus dat God ook daarin is.

Soren Kiekegaard het gesê Ons lewe vorentoe en ons verstaan agtertoe. In Engels was sy presiese woorde: “*Life can only be understood by looking backward; but it must be lived looking forward.*

My getuienis is dat God my daagliks help om te weet wat die situasie wat met my of in my gebeur het- aan my gedoen het. Hoe het die situasie my as mens gevorm.

Joshua waarsku ons teen ‘n lewe wat net vorentoe beur, sonder om te onthou wat alreeds gebeur het. ‘n lewe wat roekeloos net alles wat oud is, alles wat mooi, al die herinneringe van die verlede weggooi. Eintlik is dit ‘n lewe sonder tradisie. ‘n Lewe wat te goed lyk om waar te wees.

Terugskouend begin my ervarings van m skool loopbaan of verlede al hoe meer sin maak. Terugskouend raak God vir my al groter en ek al Kleiner. Terugskouend sien ek meer God se goeie hart raak. God wat sê Niks sal jou skei van My liefde nie. Wanneer ek rustig deur my album blaai, en vanuit my geloofs- bril daarna kyk, dan maak baie ervarings vir my sin. Dit is hoekom daardie vriend toe oor my pad gekom het. Dit is hoekom ons toe moes verhuis. Dit is hoekom ek op daardie tyd so gelukkig was, ek het dit nodig gehad. Dit is hoekom ek in daardie vreemde seisoen so vreemde vrede ervaar het. Dit is hoekom daardie werk my so gevorm het, sodat ek nou hierdie werk kan doen? Dit is hoekom daardie verhoudings my so gevorm het , sodat ek net daarna my huweliksmaat kan vind.

Gebed:

Seëngebed: Ek kyk op na die berge waarvandaan my hulp kom, ek kyk af en sien Jesus in ‘n krip lê, ek kyk op en sien Jesus op die kruis, ek kyk af en sien ‘n leë graf, ek kyk op en sien Jesus aan die regterhand van God. Ek kyk vorentoe en dit lyk uitdagend, maar ek kyk terug en ek weet God was nog die hele tyd by my… Mag jy hierdie week leef met die wete van God (Immanuel) wat met ons, en by ons is Die een wat daagliks vir ons help sin skep in die lewe.